WKBV 2021 Bestuiwingstarief

Die Wes Kaap Byevereniging het met ingang van die 2021 bestuiwingseisoen, ‘n 4% verhoging in die aanbevole bestuiwingsriglyn prys goed gekeur.

Bogenoemde beperkte verhoging in die bestuiwingstarief, vorm deel van WKBV(Wes Kaap Byevereniging) se doelwit om ‘n bekostigbare diens met volhoubare hoe bestuiwings-standaarde aan Produsente in die Wes Kaap te bied.

2021 Bestuiwingstarief per bestuiwingseenheid, beloop R1019,00(Btw uitgesluit). Laasgenoemde tarief is na deeglike bestudering van die Produksie koste(s) verbonde aan elke bestuiwingseenheid, uitsluitlik bepaal vir Sagtevrugte Boerdery. Voorts is die bestuiwingstarief gekoppel aan ‘n maksimum plasing periode van 14(veertien) dae per bestuiwingseenheid.

Bestuiwings-kostes vir Blou bessies beloop egter veel hoer as die bestuiwings-koste van Sagtevrugte en wel om die volgende redes: (1) Gedurende middel tot laat herfs, wanneer Blou bessies begin blom, is natuurlike weidingsveld vir bye kolonies uiters beperk, gevolglik is bye boere verplig om hul bestuiwingseenhede te voer, ten einde die swerm sterkte betyds op standaard te kry vir Blou Bessie bestuiwing. (2) Blou bessies opsig self, het ook ‘n uiters lae voedingswaarde vir bye, gevolglik moet bestuiwingseenhede elke 10-14 dae geroteer word met “vars swerms” ten einde die swerms wat reeds 14 dae Blou Bessie bestuiwing gedoen het, kans te gee om weer hul swerm hierargie in balans te kry.

WKBV beveel egter aan dat elke bestuiwings-diensverskaffer betrokke by Blou Bessie bestuiwing, individueel hul bestuiwingstarief met hul onderskeie kliente onderhandel, na gelang van bovermelde faktore en kostes.

In geheel het WKBV as assosiasie, hom daartoe verbind om die verhoging in 2021 bestuiwingskoste tot die minimum te beperk in ag genome die geweldige finansiele druk wat die groter Suid Afrikaanse ekonomie na afloop van die Covid 19 pandemie tans ervaar.

Produsente moet egter daarop let dat die aanbevole verhoging in bestuiwingskoste, veel laer is as die verhoging in Internasionale bestuiwingskoste van ons Internasionale ewekniee. Die volhoubaarheid van beperkte verhoging in bestuiwingskoste(s) in ons Suid Afrikaanse opset, verkeer reeds onder groot druk vanwee verskeie onbeheerde koste faktore soos:

(1) Brandstof kostes
(2) Arbeid
(3) Verwering van korf komponente en vervanging daarvan as gevolg van hantering en blootstelling aan natuur elemente
(4) Slytasie op voertuie wat voortdurend swaar vragte dra en instandhouding vereis van sodanige voertuie
(5) Verlies aan potensiele heuning inkomste gedurende die tydperk wat bestuiwingseenhede verbind is tot bestuiwing

Ten spyte van bogenoemde faktore, bly WKBV egter daartoe verbind om die standaard van bestuiwingseenhede en die gepaardgaande diens aan kliente, voortdurend tot hoer hoogtes te neem.

Tesame met WKBV se verbintenis om ‘n volhoubare bekostigbare bestuiwingsdiens aan kliente te lewer, is die Inspeksiediens wat deur WKBV aangebied word, opgegradeer ten einde voortgesette klient tevredenheid te verseker.

Hierdie Inspeksie diens is deur vooraf bepaalde fooie beskikbaar vir alle produsente, sou sodanige produsent bevestiging wil he dat hy/sy hoe gehalte diens ontvang.

Met die Wes Kaap se Nasionale en Internasionale gerespekteerde reputasie as ‘n volhoubare sowel as betroubare verskaffer van hoe gehalte Landbou produkte, bly WKBV as assosiasie daartoe verbind om te alle tye ‘n diens van hoe standaard aan elke Landbou produsent en byeboer in die Wes Kaap te lewer ten einde bovermelde volhoubaarheid en kwaliteit te verseker.